No 1328 24 Julie 2016

# GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
**Pretoria-Alkantrant**

**Webtuiste:** www.gk-alkantrant.co.za • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant • **Predikant**: Ds Dirk Kotzee: 079 305 3297, dkotzee@gmail.com • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, hbklopper@webmail.co.za •**Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, pikkie.rina18@gmail.com •**Attes skriba:** Tjaart van der Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za **Bankbesonderhede:** GK Alkantrant, Absa-rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745.

## Erediens

Hartlik welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Daar is vanmôre weer twee eredienste om 09:00 en 10:30. Ds Dirk Kotzee lei beide die eredienste.

### Eerste erediens

**Lees:** Jakobus 1:1-8
**Teks:** Jakobus 1:2, 3 en 5
**Tema:** Vind jou vreugde in Jesus Christus.

**Preekskets**

Jakobus rig hierdie skrywe aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is. Hierdie twaalf stamme verwys na die kerk in Jerusalem wat vervolg is vir hulle geloof in ons Here Jesus Christus. Dit is dus nie vreemd dat hierdie gedeelte begin deur beproewing aan te spreek nie. Dit is net vreemd dat hy begin deur te sê dat gelowiges bly moet wees wanneer hulle beproewings ervaar. Vanmôre kyk ons na die rede vir hierdie stelling.

**Sing**

Psalm 92:1
Psalm 107:1 en 3
Psalm 25:2 en 3
Psalm 119-2:26
Psalm 73:1 en 10
Skrifberyming 13-3

### Tweede erediens

**Lees:** Johannes 16:5-15
**Teks:** Johannes 16:15
**Tema:** Die Drie-eenheid van God

**Preekskets**

Die Drie-eenheid van God is en bly 'n vraagstuk waarmee baie mense worstel. In die wêreld is daar baie beskuldigings wat rondgegooi word. Een van hulle is dat ons nie 'n monoteïstiese geloof aanhang nie. Die beskuldiging val die wese van ons geloof aan, veral as ons dink aan die eerste gebod wat God vir ons gee. Daar is net een God.

Hoe antwoord mens op so 'n beskuldiging? In vanmôre se prediking kyk ons dan na die Drie-eenheid van God en hoe ons op hierdie vrae kan antwoord.

**Sing**

Psalm 150:1 en 2
Lied 151:2
Skrifberyming 12-3:1 en 2
Skrifberyming 13-3

**Kollektes**

Tydens erediens: Diakonale kas
By die deure: *Borg-'n-Bybel*
Volgende Sondag: Sustentasiefonds

**Diensbeurte**

Die kerkraadslede van Wyk H2 is vandag aan diens: Ouderling Hennie Klopper en diaken Santie Gouws

**Katkisasietoesig**

Sal by die Graad 6'e plaasvind.

## Gemeentesake

### Lief en leed

Dit is met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van die broer van suster Rina Yssel. Ons meegevoel met die familie. Mag die Here u ryklik vertroos.

Sr Truia Eales het die vorige week ʼn heupoperasie ondergaan.

Sr Sylvia Greyling het ʼn hartpasaangeër gekry.

Sr Christa Ligthelm het ʼn aanval van die Bell-sindroom gehad.

Br Johan van Dijken ontvang behandeling vir infeksie.

Sr Magdaleen Swanepoel het die afgelope week ʼn operasie ondergaan en sterk aan.

Br Nico Grobler is in die hospitaal opgeneem.

Br Karel Schulz kry die komende week ʼn hartpasaangeër.

*Ons is dankbaar vir die wat besig is om te herstel en ons dra elkeen wat deur ʼn tyd van beproewing gaan op aan die hemelse Vader se sorg.*

---

### Ons is op Facebook!

Like us on Facebook

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers ʼn platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto's deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal is welkom! Kom praat lekker saam op ons *Facebook*-blad. Ons het al meer as 90 "likes".

---

### Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20/sak. Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65/kg. Daar is ook wildspastei, droëwors, biltong, hoender-, bees- en herderspastei, lasagne, bobotie en malvapoeding te koop.

Ná die erediens kan Nico of Marius u help by die motorhuis agter die konsistorie.

---

### Katkisasie

Katkisasie hervat weer vandag.

---

## Gemeentelike aktiwiteite

### Sustersake

*Skinkbeurte*

**Vandag*:*** is dit die beurt van die susters van wyk B1, B2, B3, C3, F2 en H2.

**Volgende Sondag** is dit die beurt van die susters van wyk C1, C2, D2, F3, G4 en H6.

Susters word vriendelik versoek om maar ʼn ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

---

### Bybelstudie

Bybelstudie vind plaas op Donderdagaand 28 Julie om 18:00. Berei Romeine 5 voor.

---

### Koeksisters

Daar is nog koeksisters teen R25,00 per dosyn te koop in die portaal.

---

### Koffiekroeg

Daar sal weer vanaand om 17:30 koffiekroeg wees. Bring asseblief ʼn geldjie saam, ons gaan op ʼn uitstappie na Mugg & Bean.

---

### Klub 50

Eerskomende Vrydag 29 Julie is daar weer ʼn Klub 50 byeenkoms om 12:00 by die konsistorie. Al wat julle moet saambring is jul eie eetgerei en drinkgoed en ʼn donasie. Al ons aankope word gedoen vanuit u donasies. Dan word daar nog nagereg ook bedien, so maak maar voorsiening daarvoor.

Ons vra dat elkeen wat die geleentheid bywoon, asseblief hulle name op die lys in die portaal sal aanbring.

---

## Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle 'n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

**Sondag 24 Julie**
Dorothea de Beer – 082 789 3329
**Maandag 25 Julie**
Jeanette Dreyer – 083 467 2422
Caroline van Deventer – 079 571 3268
**Dinsdag 26 Julie**
Karel Schultz – 073 908 6559
Leon van Dalen – 082 856 0169
**Woensdag 27 Julie**
Bennie Coetzee – 071 608 8532
Sylvia Greyling – 082 789 7717
Enrico Kuyper – 082 874 3878
**Donderdag 28 Julie**
Sona Conradie – 012 813 8209
Barbara Matthyser – 082 771 8214
Pieter Scholtemeijer – 082 469 5171
**Vrydag 29 Julie**
Colette Kramer – 079 467 0147
**Saterdag 30 Julie**
Kobus Breed – 082 909 0879
Mientjie Greyling – 082 967 1922
André van der Merwe – 083 285 1099

## Nuwe intrekkers

Hartlik welkom aan nuwe intrekkers!
Ons wil graag kennis maak. Ontmoet vir ds. Dirk in die portaal na die erediens.

## Gedagte vir die week

*Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.*

**– Psalm 20:8**

## Dagboek



**Hierdie week**
**24 Julie:** Twee eredienste; katkisasie heropen
**28 Julie:** Aandbybelstudie om 18:00
**29 Julie:** Klub 50 (verrassing)

**Volgende week**
**31 Julie:** Twee eredienste; katkisasie
**3 Augustus:** Vakansiedag

**Week 3**
**7 Augustus:** Een erediens om 09:00 en geen katkisasie omdat dit langnaweek is
**8 Augustus:** Skoolvakansiedag
**9 Augustus:** Vrouedag
**11 Augustus**: Aandbybelstudie om 18:00

**Week 4**
**14 Augustus:** Twee eredienste (Voorbereidingsdiens om 09:00); katkisasie
**16 Augustus:** Diakonievergadering om 19:00
**17 Augustus:** Oggendbybelstudie om 09:30
Ouderlingevergadering om 19:00

## Advertensies

Indien daar plek in die *Gemeentebrief* is, plaas ons u advertensies gratis. Reël asseblief met die redaksie in verband met die tydperk van die plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

**Lekker tuisgebak**
Bevrore hoender-, bees- en herderspastei, bobotie, lasagne en malvapoeding is nou te koop – ook wildsvleis en wildspasteie.

Skakel ons gerus vir enige spysenering:

*Rina de Villiers:* 081 599 2321
*Christiaan Swanepoel:* 073 769 0455

**Vakansieverblyf: Natalse Suidkus**
Eenheid in SanLameer te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus.

Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by marielouiseels@gmail.com

**Vakansieverblyf: Wes-Kaap**
Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na die strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae.

Kontak *Nols* of *Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

**Vars gebak en spyseniering**
Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, "platters" en spyseniering vir funksies, verjaardae, kinderpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur 'n e-pos aan cjswan4@gmail.com.

---

**Loodgieterswerk**
Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk.

Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

---

**Die Waslyn**
Ons kom haal gordyne af en was, droog en stryk dit. Skakel 078 296 4593.

---

**Susan Swanepoel Musiekskool**
Onderrig in klavier, teorie en harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang.

Kontak *Susan* by 083 252 0983 of 012 993 1074.

---

**Boomsloping en snoeiwerk**
Jac Marais ('n lidmaat van GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine.

Skakel 012 819 1316 of 082 412 7137.

---

